# RADIUSKOP FRAKTUUR

## Wat is 'n radiuskop fraktuur

Dit is waar daar 'n breuk in die gedeelte van die radius plaasvind wat deel van die elmbooggewrig vorm. Die kop ontmoet die laterale einde van die humerus genaamd die kapitellum. Rotasie van die voorarm vind plaas hoofsaaklik in die radiokapitellum gewrig.

## Wat veroorsaak radiuskop fraktuur

Val op 'n uitgestrekte hand is die mees algemeenste oorsaak. Die krag word oorgedra van die grond deur die pols, die voorarm en die radiuskop en impakteer op die kapitellum waar dit die fraktuur veroorsaak. Ontwrigting of direkte impak op die buitekant van die elmboog kan ook radiuskop frakture veroorsaak.

## Wat is die simptome

Die pasiënt sal kla van pyn en swelling van die elmboog. Hy sal dit onmoontlik vind om die elmboog ten volle te ekstendeer of te flekseer. Rotasie van die voorarm sal merkbaar ingeperk wees met pyn. 'n Klik kan met rotasie gevoel word.

## Hoe word 'n radiuskop fraktuur diagnoseer

Die chirurg sal 'n fisiese ondersoek uitvoer. Swelling van die elmbooggewrig gepaardgaande met geskiedenis van trauma is hoog suggestief van 'n fraktuur. 'n Tasbare klik of pyn met rotasie van die radiuskop is 'n ander aanduiding van 'n fraktuur. X-strale sal die diagnose bevestig. 'n Rekenaartomogram kan verkry word om verplasing en definisie van die fragmente te verbeter en pre-operatiewe beplanning te vergemaklik.

## Hoe word radiuskop fraktuur behandel

### *Nie-operatief

Onverplaasde frakture van die radiuskop kan nie-operatief behandel word. Die arm word immobiliseer in 'n stutverband of spalk vir 10 - 14 dae. Daarna word die stut verwyder en oefeninge word begin. Periodieke X-straal ondersoeke word geneem om enige verdere verplasing van die fraktuur op te volg. Omdat die volwasse elmboog geneig is om vinnig styf te word as gevolg van inflammasie is vroeë mobilisasie en omvang van beweging belangrik vir die voorkoming van permanente bewegingsverlies.

### *Operatiewe behandeling

Frakture van die radiuskop waar daar verplasing plaasgevind het vereis operatiewe stabilisasie. Dit word uitgevoer deur 'n insnyding oor die elmboog, skroewe word oor die fraktuurarea geplaas en vroeë terapie word voorgeskryf om verlies aan omvang van beweging te voorkom. In gevalle waar die radiuskop nie herstel kan word nie, word dit verwyder. 'n Radiuskop vervanging mag noodsaaklik wees as daar 'n ligamentbesering terselfdertyd oor die mediale aspek van die elmboog of die polsgewrig teenwoordig is of met gepaardgaande frakture elders in die elmboog.